

Voorvereistes vir die Doop

Voorvereistes vir die Doop – Francois Malan

Henk vra:

Na aanleiding van 1 Pet 3 vers 15 en 16 en Hand 8 vers 36-38 net die volgede oor die Doop: Is daar nie 'n voorvereiste vir die Doop van 'n persoon nie? Dit meen jy moet 'n geestelike besluit kon neem? Wat van my klein doop is dit reddend? Hoekom is Hand 8 vers 37 uitgelos uit die nuwe vertaling?

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

Voorvereiste vir doop – slegs dat God 'n persoon aan Christus verbind het. Vir volwassenes beteken dit dat hulle in Christus glo as die Seun van God wat vir hulle sonde gesterf het, en dit sluit dié gelowiges se kinders in; vgl. bv. Hand.16:31-33 waar die bewaarder en sy huisgesin gedoop is, soos Abraham en sy gesin destyds besny is (Genesis 17:11-12).

1 Petrus 3:15-16 is deel van Petrus se onderrig oor onregverdige lyding van gelowiges in verse 13-17. Dit handel oor hoe 'n Christen moet optree te midde van vervolging, maar ook teenoor elkeen wat 'n verduideliking vra oor die hoop waarin ons lewe, nl.

I. uit heilige eerbied vir Christus as Here, letterlik: eerbiedig Christus as die Here in julle harte – deur in gehoorsaamheid te lewe soos Hy sê, as die Here van my lewe.

II. van die hoop waarin ons lewe, wat die verborge krag en dryfveer van ons lewe is, nl. ons verbindtenis aan Christus se opstanding en dat ons saam met Hom ewig sal

lewe.

- III. dat ons verantwoording van ons geloof steeds met bescheidenheid en vriendelikheid sal wees teenoor die persoon of persone wat ons om 'n verduideliking vra – nie in selfverheffing bo hulle en selfvoldaan nie.
- IV. dat ons getuienis steeds met eerbiedige ontsag vir God gelewer sal word. Dan sal ons nie bang wees vir die mense nie, maar bewus dat ons aan Hom verantwoording doen.
- V. dat ons lewe voor die mense skoon bly deur in gemeenskap met Christus te lewe, met sy liefdeskrag en met sy genade teenoor ander mense.

Die gedeelte in 1 Petrus veronderstel dat ons aan Christus verbind is, en wys ons hoe ons as Christene moet lewe.

Die doop is God se uiterlike teken wat Hy aan ons gee dat ons aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees behoort, in wie se naam ons gedoop is. Dit is 'n verseëling van die verbond wat God met ons maak. 1 Petr.3:21 kan letterlik ook soos volg vertaal word: 'Dit (die redding van Noag en sy gesin) is 'n beeld van die doop wat julle red, nie van die vuilheid van die sterflike liggaam nie, maar as 'n pand ('n waarborg) deur God van 'n skoon gewete, op grond van die opstanding van Jesus Christus'

Die doop is die pand wat vir ons waarborg dat Christus ons verhouding met God reggemaak het deur vir ons die straf op die sonde te dra, dat die Vader van Jesus Christus ons aangeneem het as sy kinders vir wie Hy sorg.

Romeine 6:4-5 sê: Deur die doop is ons immers saam met Christus in sy dood begrawe, sodat, soos Christus (die Seun van God) deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.

Die Heilige Gees kom in ons woon om ons aan Christus te verbind, om ons te laat glo dat die Seun van God vir ons sondes gesterf het en dat ons saam met Hom opgestaan het (Rom.8:9-11), om ons kinders van God te maak en God ons Vader te laat noem (Rom.8:15-16). In Johannes 3:5-8 verduidelik Jesus dat ons weergebore word deur die Gees. Wedergeboorte is God se werk, wat geloof in ons wek. Bekering is ons verantwoordelikheid, om ons daaglik na God te keer en vir Hom en vir ons naaste te lewe in alles wat ons doen.

My kleindoop reddend? – redding kom slegs deur Christus. God gee die doop as die uiterlike teken, wat die redding deur Christus illustreer en waarborg.

In Kolossense 2:11-12 word ons verbondenheid met Christus se dood beskryf as die besnydenis van Christus, waardeur God ons sondige natuur weggeneem het. Dit gebeur in die doop, waardeur God ons verbind aan die dood en opstanding van Christus. Deur ons verbinding aan Christus verkry ons verlossing van ons sonde en die nuwe lewe uit liefde vir God en ons medemens, saam met Hom.

In Handeling 2:38-39 sê Petrus: die mense wat na hom luister moet hulle bekeer en elkeen gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergiffenis van hulle sonde en hulle sal die geskenk van die Heilige Gees ontvang, want die belofte is aan julle en julle kinders en almal wat ver is, elkeen wat die Here ons God na Hom toe roep.

In die Ou Testament is seuntjies van agt dae oud besny as teken dat God hulle opgeneem het in sy genadeverbond (Genesis 17:12 wat selfs die kinders van slawe in Abraham se gesin gegeld het; vgl. Lukas 2:21).

In 1 Korintiërs 7:14 sê Paulus dat die kind van 'n gelowige aan God behoort.

Waarom is Handeling 8:37 uitgelaat?

Boekdrukkuns is eers in 1450 n.Chr. uitgevind. Tot op daardie datum is alle boeke, die Bybel ingesluit, met die hand geskryf en afgeskryf. In 1516 het Erasmus die eerste Griekse Nuwe Testament saamgestel uit twee manuskripte uit die 12e eeu na Chr. Die een manuskrip wat hy meeste gebruik het, het nie vers 37 gehad het nie, maar in die kantlyn van die tweede manuskrip was die woorde van vers 37 ingeskryf, wat hy toe ook in sy uitgawe ingesluit het. Dit het die grondteks van die Nederlandse State vertaling in 1637 gevorm en ook van die Afrikaanse vertalings van 1933 en 1953. In 1870 is 'n manuskrip uit die laat sesde eeu gekry wat wel vers 37 in het.

Die Afrikaanse vertaling van 1983 gebruik egter 'n Griekse teks wat gebaseer is op manuskripte wat uit die 3e en 4e eeu na.Chr. geskryf is. Daarin kom vers 37 nie voor nie. Daar bestaan ongelukkig geen oorspronklike manuskrip van Handeling wat deur Lukas geskryf is nie. Ons het slegs afskrifte wat later van mekaar afgeskryf is. Maar die vertalers gebruik deesdae 'n Griekse teks vir die vertaling van die Nuwe Testament, wat saamgestel is uit die oudste en betroubaarste manuskripte.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Groot Geloofswoordeboek: Vervulling met die Gees

Die Groot Geloofswoordeboek: Vervulling met die Gees

Vervulling met die Gees • In Christus • Algehele oorgawe • Tweede genadewerk

(*Dooop met die Heilige Gees)

Ons lees omtrent ses keer van die vervulling met die Heilige Gees. Dit staan teenoor die *doop met die Heilige Gees wat na die Pinkstergebeure verwys en onherhaalbaar is. Die vervulling met die Gees is duidelik herhaalbaar en selfs 'n staande opdrag aan die gemeente (Hand 2:4; 4:8, 31; 9:17; 13:9; Ef 5:18). Petrus wat op Pinksterdag met die Gees vervul is, tree later weer vol van die Gees op (Hand 4:8), maar kort daarna word hy weer saam met die gemeente met die Gees vervul (Hand 4:31). Dit lyk half in Handelingte of dit by besondere geleenthede gebeur. Dit gebeur tydens die uitstorting van die Gees, en dan weer wanneer Petrus die eerste keer voor die vyandige Joodse Raad moet staan, dan weer direk ná die verbod van die Raad om in die Naam van Jesus iets te doen.

Dit lyk of dit elke keer gaan om *krag tot getuienis* – presies wat sekere Christene sien as die betekenis van die vervulling.

Die enigste verwysing buite Handelingte is Efesiërs 5:18 wat nie soos in Handelingte deel van 'n verhaal is nie, maar 'n bevel: "Word met die Gees vervul." Die samestelling van hierdie sin is interessant. Hierdie bevel word in die Grieks gevolg deur vier deelwoorde (*participia*), dit beteken werkwoordsvorme wat afhanklik is van die hoofwoord: *Word met die Gees vervul*. Die vervulling met die Gees sal dus uitloop op, en moet blyk uit, die dinge wat daarop volg:

- sing vir mekaar
- sing vir God
- dank God

- wees aan mekaar onderdanig

Hier gaan dit nie soseer om krag tot getuienis nie, maar eerder om 'n besondere lewenstyl.

Dit is opvallend wat hier uit ons gewone lewe uitgelig word as tekens/uitvloeisels van die vervulling. Ons sang, ons gebed en ons huwelik. Sang is besonder belangrik in die geloofsgemeenskap se lewe. Die liedereboek is nie verniet die langste boek in die Bybel nie! Dit is ook belangrik dat hier twee opmerkings oor sang gemaak word terwyl daar in die geheel maar drie dinge genoem word. Sang is baie belangrik in die lewe van die geloofsgemeenskap. 'n Mens hoor maklik aan die sang van 'n groep mense hoe vol hulle van die Gees is.

Dit is net so belangrik dat dit eers om ons sang vir mekaar gaan, en dan om ons sang voor God. "Sing onder mekaar" beteken iets soos inspireer mekaar deur julle sang. En geesge vulde sang kan inspireer. Eers dan kom ons "sang met ons hele hart tot eer van God" ter sprake, want dis net as ons mekaar met ons sang geïnspireer het dat ons werklik tot eer van God kan sing. Dooierige, belangelose sang is 'n belediging vir die Here.

Wat verder merkwaardig is, is dat Paulus daarna verreweg die grootste deel van sy behandeling van die vervulling met die Gees aan die huwelik bestee. Miskien is dit die verhouding waarin 'n mens se geestelike ligging die maklikste en duidelikste uitkom. Ons ken die uitdrukking: "A street angel and a house devil."

Efesiërs 5 is die enigste plek waar die woorde "vervulling met die Gees" buite Handelingte voorkom. 'n Mens kan daaruit aflei dat dit nie regtig so belangrik is nie. Dit is egter 'n groot fout. Daar is verwante uitdrukkings elders in Paulus se briewe wat die betekenis baie ryk toelig. Veral in Romeine en Galasiërs kry ons 'n verskeidenheid perspektiewe.

In Galasiërs 5 is daar 'n hele paar uitdrukkings:

- Om deur die Gees van God beheers te word (v 16).
- Om ons deur die Gees te laat lei (v 18).
- Om die Gees ons gedrag te laat bepaal (v 25).

Hierdie uitdrukkings kom voor in die verband waar die *vrug van die Gees bespreek word. En daar is geen konkreter beskrywing van 'n Geesvervulde lewe as hierdie vrug nie.

Dis opvallend hoe belangrik verhoudings in hierdie verband is. Teenoor die vrug van die Gees staan die sondige lewe (5:19-21). En die lys sondes wat daar voorkom, het almal met slegte verhoudings te doen. In die direkte verband gaan dit om gemeentelede wat mekaar wil "byt en verskeur" (5:15). En die perikoop eindig met die vermaning teen verwaandheid, afguns en uittarting, alles dinge wat verhoudings versuur. Die lys sondes (5:19-21) is almal vernietigend vir goeie verhoudings.

Daarteenoor is die vrug van die Gees 'n wenresep vir goeie verhoudings. Wat maak 'n mens meer tuis by mense as om liefde, geduld en vriendelikheid te beleef? Wat skep meer vertrouwe as nederigheid en selfbeheersing? Wat laat 'n mens makliker uitreik na iemand anders as juis sy of haar getrouheid (betroubaarheid)?

Maar is hierdie kenmerke nie presies die lewe van Jesus nie? Sou ons nie een vir een van hierdie deugde net so in sy aardse bediening kom identifiseer nie?

Dit beteken dat die vervulling of beheer van die Gees en die heerskappy van Jesus dieselfde saak is. Trouens, hierdie verband tussen Christus en die Gees kry ons ook elders. Die Gees word die Gees van Christus genoem, Christus ontvang die Gees van die Vader en stuur Hom na ons, die Gees kom om Christus te verheerlik, Christus kom self in die Gees na ons toe (Joh 14:23; Rom 8:9; 16:7, 14).

In Christus

En bring dit ons nie by 'n ander reeks uitsprake van Paulus nie, dié oor Christus in ons en ons in Hom?

Daar is 'n hele reeks uitsprake oor Christus in ons en ons in Hom. Volgens Paulus kry ons deur die *doop en die *geloof deel aan die dood en die *opstanding van Jesus. Dit beteken dat ons in 'n sin nie meer leef nie en in 'n ander sin nou juis 'n nuwe lewe het. "Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God" (Gal 2:19-20). Elders lees ons van "Christus wat julle lewe is" (Kol 3:4).

Onder *heiliging en *perfeksionisme is verwys na die vreugde hiervan, die nuwe lewe, ons aandeel aan 'n oorwinningslewe, selfs die gedagte van perfeksionisme. Maar dit alles is nie iets buitengewoons nie, dit is nie net 'n paar besondere Christene wat met groot selfverloëning en opoffering so ver kom dat hulle lewe volkome onder sy beheer staan nie. Hy is die *Here*. As ons aan sy lewe deel kry, is dit die lewe van Iemand wat alle mag in die hemel en op aarde het, Iemand wat die dood oorwin het, Iemand voor wie die bose magte gevlug het, Iemand in wie die volheid van God beliggaam is, wat dit ook al beteken (Kol 2:9). Dít is die lewe waaraan ons deel het. Dit maak volheid, krag en oorwinning deel van die normale Christelike lewe.

Ons moet dus ophou om die vervulling met die Gees, die volheid in Christus, die oorwinning oor sonde en krag tot getuienis as buitengewone ervarings te sien wat net vir uitsonderlike Christene beskore is. Wie Jesus Christus as Verlosser ken, ken Hom ook as *Here*, kan uit sy volheid lewe en het aan sy oorwinningslewe deel. Dit is nie net onnodig nie, dit is abnormaal om eers sukkel-sukkel as Christen te lewe en dan 'n spesiale ervaring te soek om krag of "heiligmaking" of volle oorgawe te kry. Natuurlik het baie Christene dit nodig, maar

net omdat hulle die Here nie van die begin af ernstig geneem het nie. Wie in Jesus Christus glo, het die Gees in sy volheid ontvang. Natuurlik kos dit 'n leeftyd om uit sy volheid te leer leef. En in die proses kan daar baie en wonderlike en diep ervarings wees. Maar hierdie ervarings kan ons nie sistematiseer en indeel nie. Daar is nie ná ons oorgawe aan die Here spesifiek 'n bepaalde tweede ervaring nodig (*Dooop met die Gees of vervulling met die Gees) waarna alles dan eers kan regkom nie. Baie ervarings is nodig, maar dit verskil van mens tot mens en dit het nie tegniese name wat hulle van ander ervarings onderskei nie.

Skrywer : [Prof Adrio König](#)

Die Doop van Kinders

Die Doop van Kinders – Jan van der Watt

Kotie vra:

Ek wil graag uitklaring kry van die volgende asseblief:

1. Deur te doop word ons deel van God se genadeverbond. Wat as 'n persoon/kind/babatjie doodgaan voor hy/sy gedooop word, gaan die persoon dan outomaties hel toe?
2. As gelowige ouers hulle kinders laat doop, word dit dan outomaties aanvaar dat indien die kind/ers op 'n baie jong ouderdom sterf, gaan die kind/ers outomaties hemel toe omrede die ouers gelowig is?
3. As ongelowige ouers hulle kinders laat doop, en die

kind/ers gaan op 'n vroeë ouderdom dood, gaan die kind/ers dan hel toe omdat die ouers nie gelowig is nie?

Antwoord:

Prof Jan van der Watt antwoord:

Daar is heelwat inligting oor die doop op bybelkennis.co.za. Wat hier gesê word is bloot aanvullend. Al drie die vrae het basies te doen met die funksie van die doop – moet iemand gedoop word om gered te word. Die Roomse en Ortodokse kerke verleen baie gewig aan die doop en sê dat die doop ook reddende krag besit. Die Protestantse kerke ontken egter dat die doop reddende krag besit. Die doop is bloot die teken van 'n situasie wat reeds daar is – byvoorbeeld dat iemand aan God behoort. Dit doop veroorsaak nie dat ons kinders van God word nie, maar is 'n teken daarvan, nes die trouing nie die huwelik veroorsaak nie, maar 'n teken daarvan is.

In die lig hiervan inligting oor die drie vrae:

Wat die eerste vraag betref – nee, die baba gaan nie outomaties hel toe omdat hy of sy nie gedoop is nie. (Die Roomse kerk doen wel hul bes om sulke babas te doop – hulle het selfs 'n gebruik om die baba in die baarmoeder te doop as hulle dink dat daar gevaar is dat die baba by geboorte mag sterf. Dit hang natuurlik daarmee saam dat hulle glo die doop het reddende krag).

Wat vraag 2 betref: volgens 1 Kor 7 lyk dit tog of die baba deur die geloof van die ouer geheilig word. Met ander woord, as jy deel is van God se familie (kind van God is) en jou baba word gebore, sien God die baba as deel van sy familie. Hy vat nie die baba en gooi die baba in die bos buite die familiehuis sodat die baba daar moet groot word nie. Nee, die baba moet binne die gesin van God grootgemaak word. As die persoon later, as hy of sy groter is, besluit om nie in die huis te bly nie en soos die verlore seun (Luk 15) weglomp is dit 'n ander saak. Uit hierdie redenasie sou mens kon aflei dat die

baba nie verlore gaan nie.

Wat die derde vraag betref: Die doop is vir gelowige ouers, nie ongelowige ouers nie. Dit gaan oor 'n ooreenkoms wat tussen die ouers en God gemaak word en as die ouers nie dink God bestaan nie (nie in Hom glo nie) hoe kan hulle in 'n verhouding met Hom staan. Konsekwent geredeneer lyk dit dus of die doop deur ongelowige ouers nie geldig is nie, maar mens moet onthou, die genade van God is baie groter as wat ons ooit kan dink.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

Die doop as teken

Die doop as teken – Jan van der Watt

Johan vra:

In 'n artikel waarin u raad gee aan 'n vrou oor die doop, noem u dat die doop 'n teken is. Kan u asb verduidelik waarvan die doop 'n teken is asb. Ek sien dit nie duidelik in u antwoord aan die vrou nie.

Antwoord:

Prof. Jan van der Watt antwoord:

Die doop word in die Ortodokse en Rooms Katolieke kerke gesien as die instorting van genade in die mens. Daardeur sou die mens dan salig word. Dit is byna soos 'n glas wat met geboorte

halfpad vol water (genade) is, maar nog nie vol is nie. Met die doop word die glas dan heeltemal volgemaak met genade, wat beteken dat die persoon dan gered is.

Die Reformatore (Luther, Calvyn en andere) het 'n ander pad ingeslaan. 'n Mens word nie deur die doop gered nie, maar deur geloof in Jesus. As die doop dan nie red nie, waarom doop mens dan, is toe gevra. Die Reformatore het verduidelik dat die doop 'n teken is van iets groters, net soos die ring aan die vinger van 'n getroude die teken van iets groters is. Maar waarvan is dit 'n teken?

Romeine 6 en Kolossense 2:11 help ons om die vraag te antwoord: Met die doop word die persoon saam met Jesus begrawe (die ou mens is weg) en saam met Hom opgewek (sodat hy of sy 'n nuwe lewe kan leef (Romeine 6 en Kolossense 2).Die doop wil dus simboliseer dat mens van die dood na die lewe saam met Jesus toe oorgegaan het. Jy het nou 'n nuwe identiteit, naamlik van iemand wat gered is en aan Jesus behoort. Daaraan moet die doop jou herinner en daarvan is dit 'n teken.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)